NUUSBRIEF
12

31 JULIE 2025

MIDSTREAM COLLEGE PRIMARY PRIMÊR

## BELANGRIKE DATUMS

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die belangrike datums.




## ED ADMIN MULTI-PORTAAL TOEPASSING

Neem asseblief kennis dat ons oorskakel na een vorm van kommunikasie – die Ed-admin Multi-Portaal Toepassing. Die gebruik van WhatsApp-groepe sal mettertyd uitgefaseer word. Ouers wat nog nie die toepassing afgelaai het nie, word vriendelik versoek om dit af te laai. Die nuusbrief sal slegs op die toepassing en die webblad beskikbaar wees en word nie meer per e-pos gestuur nie.

## SOSIALE MEDIA

Ons wil u graag herinner dat dit die ouer se verantwoordelikheid is om u kind se registerklas-onderwyser in kennis te stel indien u nie wil hê dat u kind op sosiale media (insluitend Clubstream) moet verskyn nie. Verwittig asseblief die registeronderwyser per e-pos teen 1 Augustus. Indien geen korrespondensie van u as ouer ontvang word nie, sal daar aanvaar word dat u kind/kinders op hierdie platforms mag verskyn.

## SPORTUITSLAE

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die sportuitslae.




## ONS BID VIR

Al die kerke in en om Midstream! Ons bid vir God se wysheid, seën, en leiding vir al die gemeentes rondom ons.

# AFRIKAANSREDENAARS

Hartlik geluk en baie sterkte aan Kiara Padayachee en Rose Dunkeld, albei in graad 5. Hierdie twee ongelooflike Afrikaansredenaars neem op 6 Augustus aan die finale rondte van die ATKV-redenaarskompetisie deel. Dit vind by ATKV Goudini Spa plaas. Ons is trots op julle!



# MIDSTREAM ATLETIEKKLUB

Die Midstream Atletiekklub begin Maandag 4 Augustus met ons voorseisoen-program! Augustus word toegewy aan funksionele oefeninge vir die seniors en voorbereiding vir die o. 10's van 2026 in tegniese items soos hekkies, gewigstoot en verspring.
Die res van die items, vir ALLE OUDERDOMME (o. 7 – o. 13) begin 1 September!
Die Junior Atletiekklub is onafhanklik en bied addisionele tegniek en vaardighede vir die ontwikkeling van jong talent.
Navrae:
midstream.athleticsclub@gmail.com /
WhatsApp 083 408 2101
Registrasie moet asb. op die onderstaande skakel gedoen word.



# SHINE KONSERT

Midstream College Primêre Skool bied volgende week ons Shine-konsert (die ou Prelude to Performances) aan. Ons is opgewonde om aan te kondig dat sommige van ons kultuurgroepe sowel as groepe van Club 21, 'n skool vir kinders met Downsindroom, sal optree. Ons Midstream-groepe wat betrokke is, is:

- Acapella
- Isicathulo
- Junior Koor
- Senior Koor
- Strykorkes.

Die kleedrepetisie sal 6 Augustus vanaf 14:00 plaasvind en kinders mag vertrek sodra hul laaste groep op die verhoog geoefen het.
Die konsert sal op 7 Augustus om 18:30 in die saal plaasvind. Deelnemers moet teen 18:00 by die skool wees. Dit sal 'n 'barnyard'-styl konsert wees. Ouers kan die aand met hul piekniekmandjies geniet om 'n tafel met sitplek vir 10 mense.

Groepe sal briewe met verdere inligting ontvang.

Ons sien uit na 'n aand waar ons kinders op ons verhoog kan skitter.

# MUURBAL

Die 2025 Interprovinsiale Toernooie (IPT'e) is van 28 Junie tot 2 Julie regoor Suid-Afrika gehou. Ons is baie trots op hierdie Midstream College-leerders. Of hulle nou hul eerste IPT-ervaring nagejaag het of vir goud gespeel het, het die spelers hul alles gegee — hulle het hart, uithouvermoë en ongelooflike spangees getoon.

Die resultate was soos volg:

- Alexander Stark en Jéan Coetzee was in die o. 13 A-seunspan en hulle is onoorwonne in Suid-Afrika.
- Lize de Bruin was in die o. 13 A-dogterspan en hulle was ook onoorwonne in Suid-Afrika.
- Ruben de Koning en Jayden Louw was in die o.11-span wat in Polokwane gespeel het.

## TUCK IN

Vir u gerief moet aanlynbestellings voor middernag van die vorige dag wat die bestelling benodig word, geplaas word. Ons berei die bestelling die volgende oggend voor en lewer teen 09:00 die bestellings by die graad 1- tot 3- leerders se klaskamers af. Die graad 4- tot 7- leerders kom haal vanaf 10:00 hulle bestellings self by Tuck In.




## SPRINGFEST

